COST Aksie IS1406: Verbetering van kinders se gesproke taalvaardighede in Europa en elders – 'n samewerking wat fokus op intervensies vir kinders wat probleme ondervind met die aanleer van hulle eerstetaal

Tien sleutelkenmerke van COST Aksie IS1406

1. Wat is COST Aksie IS1406?

COST Aksie IS1406 is 'n navorsingsnetwerk wat strek oor Europa en verder, en gefokus is op intervensie vir kinders en jongmense (tussen die ouderdomme van 0 en 18 jaar) met taalgestremdheid.

2. Wat is taalgestremdheid?

Taalgestremdheid (TG) kom voor wanneer die kind se taalvaardighede gereken word as beduidend swakker as dié van kinders van dieselfde ouderdom. Hierdie oordeel word gewoonlik gemaak op grond van 'n kombinasie van formele toetsing, waarneming van taalgedrag, en professionele oordeel. TG word dikwels beskryf as óf *primêr* of *sekondêr*. Met Primêre Taalgestremdheid word bedoel dat die oorsaak van die taalprobleem onverklaarbaar is (alhoewel dit kan voorkom saam met ander toestande soos gedragsprobleme, konduktiewe gehoorverlies, ens.). Sekondêre Taalgestremdheid kom voor wanneer die kind se probleem geassosieer word met 'n breër toestand (bv. serebrale verlamming, outisme, ens.). Die hoof fokus van die COST Aksie IS1406 is die kind met Primêre Taalgestremdheid.

3. Waarna verwys ons as ons van intervensie praat?

Intervensie vir kinders geïdentifiseer met Taalgestremdheid (TG) is 'n stel praktyke wat spesifiek ontwerp is om taalontwikkeling te bevorder en/of om struikelblokke tot deelname in die samelewing – wat ontstaan as gevolg van 'n kind se TG – te verwyder Dit word verskaf deur verskeie verskillende professionele persone maar dit behels gewoonlik insette van taalspesialiste soos spraak-taalterapeute. Vir 'n uitgebreide definisie, verwys asseblief na

http://research.ncl.ac.uk/costis1406/abouttheaction/definitions

Watter lande is betrokke?

Ons het tans meer as 34 COST-lande wat betrokke is by die Aksie, insluitende België, Bosnië & Herzegovina, Bulgarye, Denemarke, Duitsland, Estonië, Finland, Frankryk, Griekeland, Hongarye, Ierland, Israel, Italië, Kroasië, Letland, Litouwe, Luxemburg, Malta, Nederland, Noorweë, Oostenryk, Pole, Portugal, Romenië, Serbië, Siprus, Slovakye, Slovenië, Spanje, Tsjeggiese Republiek, Turkye, Verenigde Koninkryk, VJR Masedonië, Ysland, asook twee Nabye Buurlande (Lebanon en Albanië) en vier Internasionale Vennootlande (Australië, Kanada, Suid-Afrika en VSA).

4. Vir wie is dit (bedoel)?

Die Aksie is oop vir enige mense met 'n belangstelling in kinders met Taalgestremdheid. Die hoof professionele groepe wat tot dusver betrokke is, is spraak-taalterapeute, taalwetenskaplikes en sielkundiges.

COST is supported by the EU Framework Programme Horizon 2020

COST (European Cooperation in Science and Technology) is a pan-European intergovernmental framework. Its mission is to enable break-through scientific and technological developments leading to new concepts and products and thereby contribute to strengthening Europe's research and innovation capacities. www.cost.eu

5. **Hoe word dit bestuur?**

Die Aksie bestaan uit ‘n Bestuurskomitee wat opgemaak is uit twee verteenwoordigers van elkeen van die lande wat betrokke is (sowel as twee plaasvervangers), met op ses-maandelike intervalle ontmoet. Daar is ‘n Kerngroep wat elke maand ontmoet om aktiwiteite te rig, ‘n Opleidingskomitee wat al die opleidingsaktiwiteite oorsien, en ‘n Redaksionele Raad. Daar is ook drie Werksgroepe wat die aktiwiteit van die Aksie bestuur en rig.

6. **Watter Werkgroepe is daar?**

Die Aksie se drie werkgroepe is:

- Die taalkundige en sielkundige onderbou van intervensies vir Taalgestremdheid;
- Die lewering van intervensies vir Taalgestremdheid
- Die sosiale en kulturele konteks van intervensie vir kinders met Taalgestremdheid

Werkgroepe is oop vir enigiemand wat belangstel in die onderwerp.

7. **Watter geleenthede bied die Aksie aan navorsers?**

Die Aksie verskaf geleenthede aan navorsers deur twee hoof “instrumente”, naamlik Opleidingskole en Korttermyn Wetenskaplike Reise. Beide bied geleenthede vir navorsers om te werk by verskillende universiteite regoor Europa, om sleutelvaardighede te ontwikkel, en om hul professionele netwerk internasionaal te versterk.

8. **Wat gaan lede van die Aksie doen?**

Lede van die Aksie gaan:

- Literatuur verskaf oor Taalgestremdheid vir lede oor verskillende lande heen
- ‘n Opname maak van praktyke vir kinders met Taalgestremdheid in die lande betrokke by die Aksie
- Gereelde bydraes lewer tot internasionale kongresse
- Navorsing doen en eweknie-geëvalueerde publikasies skryf wat beste praktyke uitlig oor die lande betrokke by die Aksie heen, en ook in ander wêrelddele.

9. **Hoe lank gaan die COST Aksie IS1406 voortduur?**

Die Aksie vind plaas van 2015 tot 2019, en gaan verskeie geleenthede bied aan navorsers en professionele persone om betrokke te raak.

Vind meer uit:

Jy kan meer uitvind oor die Aksie op die hoof COST webtuiste http://www.cost.eu/COST_Actions/isch/IS1406 of op die Aksie se eie webtuiste http://research.ncl.ac.uk/costis1406

Jy kan ons ook volg op twitter: @COSTIS1406 of gebruik die hutsteken #COSTIS1406, of vir meer besonderhede kontak gerus ons Aksie administreerder by Frances.Hardcastle@newcastle.ac.uk